

SOSIALE WETENSKAPPE - GEOGRAFIE

GRAAD 7  
Kwartaal 2

Memorandum

TOTAAL: 50  
TYD: 1 UUR 15 MINUTE

---

**Afdeling A**

**Vraag 1**

- 1.1) Onwaar, dit bestaan uit 9 tektoniese aardkorsplate asook 'n aantal kleiner plate. (1)
- 1.2) Waar (1)
- 1.3) Onwaar, dit word lawa genoem. (1)
- 1.4) Onwaar, dit was deur 'n vulkaan gevorm. (1)
- 1.5) Waar (1)

**Vraag 2**

- 2.1) Register (1)
- 2.2) Ontruiming (1)
- 2.3) Lynskaal (1)
- 2.4) Alfanymeries (1)
- 2.5) Sumatra (1)

**Vraag 3**

- 3.1) Gletsers (1)
- 3.2) Dreineringsstelsel (1)
- 3.3) Vloedvlakte (1)
- 3.4) Terasse (1)
- 3.5) Gronderosie (1)

**Vraag 4**

4.1) 'n Kompas is 'n instrument wat gebruik word om rigting aan te dui, die naals wys altyd Noord. (1)


4.2) 'n Woordskaal is 'n stelling wat vir ons vertel hoeveel werklike afstand op die grond deur 1cm verteenwoordig word. 'n Lynskaal is 'n skaal wat opgedeel is sodat elke afgebakende deeltjie 'n sekere afstand op die grond verteenwoordig. (2)

4.3) Magma is vuurwarm stadig-vloeiende, gesmelte gesteentes wat uit die aarde se mantel kom terwyl lawa vloeibare rots is wat uit 'n vulkaan kom en nou op die aarde se oppervlak is. (2)

## Afdeling B

### Vraag 1

(5)



Aardkors (gemiddeld 30 km diep).

Mantel (3000 km diep)

Buitekern (2900 km diep)

Binnekern (1200 km radius.)

Aarde het radius van 6380 km

(Een punt vir elke vlak en min of die regte dikte van die vlak, een punt vir die korrekte radius van die aarde.)

### Vraag 2

2.1) Aardbewing, Tsunami en sneeustortings.

(3)

2.2) Beserings en dood

(4)

Dakloosheid

Skade aan infrastruktuur

Siektes weens die tekort aan vars water en mediese dienste wat sukkel om mense in afgeleë plekke te bereik.

2.3) Die kinders op skool kan gereeld aardskuddings oefeninge hou.

(3)

Die huise kan van hout gebou word, want hout is meer buigsaam as bakstene of beton.

Kernkragstasies moet op spesiale fondasies met skuifkoppelings gebou word.

### Vraag 3

3.1) vulkane

(1)

3.2) Twee tektonies aardkorsplate is stadig besig om weg te beweeg van mekaar

af. Dit veroorsaak dus 'n rug of 'n plaatgrens wat swak plekke in die aardkors vorm. Vuurwarm magma in die mantel kan deur die swakplekke druk.

Die vuurwarm rots stoot op tot bo die oppervlak waar die druk verminder word en die magma vloeibaar word. Sodra die magma deur die breuk na die oppervlak beweeg word dit lawa genoem.

(3)

3.3) Ongeveer 300km

(1)

#### Vraag 4

- 4.1) 60°NBR 100°OL (1)  
20°NBR 130°WL (1)  
4.2) 36°OL & 82°OL (1)  
4.3) 10°SBR & 40°SBR (1)  
4.4) 30° SBR (1)

#### Afdeling C

##### Vraag 1 (5)

- Hou diere weg van vleilande af, hulle pote verniel en beskadig die jong plantegroei en die sponsrige grond.
- Plant bome, bome voorkom dat vloede gebeur, hulle wortels hou die grond vas en keer erosie.
- Oorweiding veroorsaak gronderosie, ons kan dit bekamp deur gras te plant wat help om die grond te bedek, die gras se worstels hou ook die grond vas dat dit nie wegspoel nie.
- Sommige heuwelagtige areas is geskik vir die bou van terrasse op die hellings wat veroorsaak dat reënwater nie teen die hellings afloop en so gronderosie bespoedig nie.
- Damme help om vloede terug te hou, hulle beskerm plekke verder af in die rivier.

**Totaal 50**